**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**KUNS HG / SG / LG**
**(Tweede Vraestel: Teken-eksamen)**

**TYD: 6 uur**
**(Een uur pouse na 4 uur)**

**PUNTE: 50**

---

**INSTRUKSIES:**

- Skryf jou **eksamennommer** op al die tekeninge in die boonste linkerkantste hoek.
- Skryf die woorde **VRAESTEL 2 2006** bo, in die middel van die bladsy.
- Skryf die **sentrumnommer** in die boonste regterkantste hoek.
- Let asseblief daarop dat die kunsopvoeder teenwoordig mag wees terwyl kandidate hierdie teken-eksamen aflê.
- Die kunsopvoeder mag **onder geen omstandighede** die kandidate op enige manier met hulle tekeninge help nie.
- 'N KANDIDAAT MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE DIE VOLGENDE IN DIE PRAKTIESE TEKEN-EKSAMEN INBRING OF GEBRUIK NIE:

  COLLAGES, PAPIERCOLLÉ, KOERANTE, TYDSKRIFTE, FOTO'S, FOTOSTATE, FOTOKOPIEË OF ENIGE ANDER GEDRUKTE MATERIAAL. DIE FINALE PRAKTIESE TEKEN-EKSAMEN MAG NIE 'N COLLAGE WEES NIE.

- **'N RAAMPIE (MAKSIMUM 3 CM) MAG GEBRUIK WORD.**
- **('N) GEKLEDE MODEL(LE) MOET ALLEENLIK GEBRUIK WORD INDIEN DIT DEUR DIE KANDIDATE VERLANG WORD.**

---

**MEDIA**

- Jy mag enige swart-en-wit of monochromatiese tekenmedia, byvoorbeeld 'n verskeidenheid potlode en grafiet, houtskool of pen en ink gebruik.
  JY MAG GEEN KLEUR GEBRUIK NIE.

- Die eindproduk moet steeds aan die vereistes vir teken voldoen en **nie** in die rigting van skilderkuns neig **nie**.

- Gebruik fikseermiddel op die finale tekening, indien nodig.

- Gebruik wit of neutraalgetinte kardoespapier (cartridge paper).
  **Moenie** papier met 'n growwe tekstuuroppervlak gebruik **nie**.

**GROOTTE**

- Die tekening **moet** op <u>A2-grootte papier</u> gedoen word.

**BRONNEMATERIAAL**

Bronnemateriaal wat vir hierdie eksamen bymekaar gemaak is, moet **voor** die aanvang van die Teken-eksamen vertoon word.

Die bronnemateriaal is beperk tot voorwerpe wat in die eksamenlokaal ingebring kan word en 'n geklede model of geklede modelle.

Die voorwerpe moet so uitgestal word dat dit duidelik sigbaar is vir alle kandidate en behoort uit die volgende te bestaan:

A. 'n Wye verskeidenheid visueel stimulerende voorwerpe wat wissel in grootte, fatsoen, tekstuur en vorm. Hierdie voorwerpe mag op enige manier voor die kandidaat of groep kandidate uitgestal word.

B. EEN of MEER geklede model(le) wat duidelik sigbaar is vir elke kandidaat.

**TYDSDUUR**

SES uur word toegelaat.
Hierdie tyd moet in twee sessies van VIER UUR en TWEE UUR onderskeidelik verdeel word, met 'n pouse van EEN UUR tussenin.

## OPDRAG

Maak 'n PERSEPTUELE OF KONSEPTUELE TEKENING, gebaseer op jou noukeurige waarneming en persepsie van die voorwerpe wat in die eksamenlokaal uitgestal word.

**OF**

Jy mag kies om 'n tekening te maak wat op die tema in die Derde Vraestel (Oop Eksamen) gebaseer is.

**EVALUERINGSVEREISTES**

Die tekening moet getuig van

- ses uur se deurdagte en volgehoue werk.
- korrekte en sinvolle toepassing van formele tekenelemente en ontwerpbeginsels, bv.:

  (a) tekenvaardigheid en insig in die tekenkuns.
  (b) komposisie / uitleg / ontwerp / struktuur.
  (c) vorm / fatsoen / vlak / tekstuur / detail.
  (d) lyn / ritme / balans / eenheid.
  (e) toonwaardes / lig / donker / kontras.
  (f) ruimtelike illusies / verhouding tussen voorwerpe.
  (g) meriete as 'n kunswerk.

- professionele en kreatiewe gebruik van die effekte en tegnieke van die betrokke media.

  **<u>GEEN</u> FOTO'S, VOORBEREIDENDE TEKENINGE OF ENIGE ANDER BRONNEMATERIAAL, BV. FOTOSTATE, TYDSKRIFTE OF ENIGE ANDER GEDRUKTE WERK MAG VOOR OF GEDURENDE DIE EKSAMEN IN DIE EKSAMENLOKAAL INGEBRING WORD NIE.**
  **ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE WORD ENIGE FOTOSTATERING VOOR OF GEDURENDE DIE TEKEN-EKSAMEN TOEGELAAT NIE. KANDIDATE SAL STRENG GEPENALISEER WORD INDIEN HULLE DIT DOEN**.

L.W.: Na voltooiing van die teken-eksamen moet 'n kopie van BYLAAG A op die agterkant van die tekening aangebring word.

Tekeninge moet voor in die omslag van die WERKBOEK geplaas word.

**TOTAAL: 50**

---

**BYLAAG A**
**TEKEN-EKSAMEN 2006**

**OMKRING**

| HG / SG |
|---|

**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

---

**EINDE**